# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**25 Julie 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**EREDIENS** Geen erediens agv die Covid inperking.

**Skriflesing** Psalm 126 (5)

**Tema** Die Here gee 'n blye oesdag

Ons beleef 'n tweede grendeltyd in een jaar, en steeds sterf mense. Ons het die chaos en verlies van plunderaars gesien. Is dit alles die moeite werd? Sal daar iets positief kom van alles wat ons as gelowiges gedoen het en probeer doen het?

In ons teksvers, wat die bekende beeld van 'n saaier gebruik, kry ons die versekering dat die saaier nie verniet saai nie, dat iemand wat die goeie doen, al kos dit jou baie, dit nie verniet doen nie, omdat die Here 'n blye oesdag sal gee. Ons kyk na 1. die saaiwerk wat baie keer met trane gedoen word; 2. die oes wat die Here gee en wat vreugde bring.

Saai met trane. Die psalm is waarskynlik in die tyd na die ballingskap van Israel geskryf, toe die oorblyfseltjie van die Here se volk na 70 jaar as ballinge in 'n vreemde land weer na hulle verwoeste land en na die platgeslaande Jerusalem toe kon terugkeer. Na die eerste vreugde oor die wonder van die terugkeer, wat in verse 1-3 van hierdie Psalm besing word, sit hulle nou met die moeite van die heropbou. Baie harde werk wag. Die heidene bied teenstand en loods aanvalle teen die volk. En daar is by baie van die ballinge die elkeen-vir-homself-mentaliteit. Die lied vergelyk die harde werk van 'n saaiboer van destyds, wat met die swaar sak saad oor sy skouer die saad met sy hand oor die hele land moes loop en uitstrooi. Dit was fisiese harde werk. Daar was al die peste en plae, die droogtes en die hael; daar was misdadigers wat jou oes kom steel het. Invalle deur vyandige volke wat jou oes kom verwoes het. Dieselfde vrae as vandag is gevra: Gaan daar 'n oes wees? Sal daar kos en klere vir my gesin wees? Sal daar iets kom van my geswoeg, moeite en opofferings?

Die heropbou wat die teruggekeerde ballinge van Israel moes doen: - harde werk, min mense en middele en baie moeite, opofferings, druk en teenstand - sonder enige menslike waarborge dat dit iewers gaan kom, dat dit klaargemaak sal kan word, dat dit iets gaan bereik, dat dit gaan slaag. Saaiwerk wat met baie trane gedoen is. Oes met vreugde: Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.

Al loop hy en huil terwyl hy die swaar saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra. Hierdie verse maak 'n stelling: so is dit en so sal dit wees. En hierdie stelling is deur die Heilige Gees vir die digter van hierdie Psalm ingegee, en is hierdie stelling 'n versekering wat God ons gee, 'n belofte van liefde en trou: - daar sal 'n oes wees. Daar sal 'n dag kom waar jy die gerwe bymekaar sal maak! Die Here belowe dit. Hy kan dit belowe en verseker, want dis mos Sy krag en werking wat die oes gee. Alles is die Here se werk van begin tot einde. Hy gee krag om te kan werk en dit is Hy wat die vrug laat ryp word en wat die mens laat oes. Die Here maak die oes, daarom kan Hy die oes waarborg.

Die Here het die bannelinge laat terugkom. En Hy gee die middele om op te bou, ten spyte van hulle eie swakhede, teen alle teenstand van buite, deur al die moeite en opofferings en trane heen… Die Here gee wat Hy belowe. En so het Hy gesorg dat alles in plek was toe die tyd 400-500 jaar later ryp geword het vir die koms van die groot Saaier wat God vir die mensdom sou gee – Sy eie Seun. Hy wat mens geword het en wat met geweldige opoffering teen alle teenstand in en deur verloëning van Sy naaste volgelinge op die wilspad van God volgehou het. Hy ly die pyn en angs van die verskriklike oordeel wat God oor die sonde van mense op Hom laat neerkom het. Hy begin na Sy dood en opstanding en hemelvaart op Pinksterdag deur die kragtige werk van die Heilige Gees die oes insamel van duisende mense wat Hom as hulle Here en Verlosser erken het! Jesus Christus is die Oes op die saaiwerk-met-trane. Hy en die Vader gee die Heilige Gees wat die gerwe in die ewige skure indra. Wat Hy met vreugde daar indra, want Hy wat met die trane van die helse smarte – trane wat ons genadiglik nooit sal hoef te huil nie – gesaai het, juig daar in die hemel oor elke sondaar wat in Hom die pad terug na die Vaderhuis toe kry…

Ons het die voorreg gekry om nie net deel van die oes te wees wat die Verlosser inbring nie, maar om self ook weer saaiers te kan wees in God se kerk en in Sy wêreld. Ons moet getuig en vertel. Ja ons is geroep om die wil van die Here vir die lewe te verkondig en te leef. Ons het medegelowiges wat mekaar met woorde van God juis in hierdie tyd moet troos en moed inpraat en reghelp waar nodig. Ons het diakens wat die liefde van Christus uitdeel aan diegene in nood. Ons het ouderlinge wat geroep is om die pad te bly wys. Wat 'n voorreg: Ons is gered om in ons persoonlike lewe en in ons verhoudings met ander 'n sprekende voorbeeld te wees dat die Here die seggenskap in ons lewe het.

Maar ons huil ook omdat ons so swak is, soms so kragteloos is om die goeie saad in ons saaisakke te saai, so sukkel om ons eie kleingeloof en sondes te oorkom – laat staan nog ander mense probeer help! Trane omdat hierdie saaiwerk baie keer tyd en energie van jou verg wat jy nie regtig het nie, omdat die blote eis van oorlewing in hierdie wêreld ons moeg maak.

Trane wat jy huil oor dit wat jy moet opoffer om op die land te kan wees met jou saaisak. Trane wat jy huil omdat dit partykeer lyk asof al die gesaai verniet is - daar gebeur dan niks! - daar verander dan niks! - dit lyk eintlik asof alles net vererger!

Hoor die troos van die Here dat jy nie verniet gesaai het nie. Al die saad wat ons saai kom nie op nie. Lees Mat 13: 3-9. Die Here gee die oes op Sy tyd. Op die nuwe aarde sal ons die volle oes geniet van al die saaiwerk wat ons vir die Here gedoen het. Al weet ons nie eers presies hoe ons die oes gaan geniet nie, in die nuwe hemel sal ons die Here ewige kan prys vir Sy liefde en dat ons kon saai. Ons saaiwerk is nie verniet nie. Hy verander ons trane in gejuig op die blye oesdag wanneer Jesus Christus terugkom. Bly saai!!

## OOG VIR MEKAAR



* Joey Smit se gedenkdiens vir plaas op Woensdag 28 Julie om 11:00 by ons kerk gebou. Lidmate wat die diens wil bywoon moet ASB vir Antoinette Sauermann skakel by 082 366 5041 sodat ons binne die Covid beperkings by.
* Ons innige meelewing met tannie Lettie Coetzee wie se skoondogter, 6 dae na haar seun, oorlede is. Ons bid julle familie die ryke troos van ons Vader toe. Ons het verneem dat tannie se skoonsuster ook oorlede is. Mag die Here julle deur die moeilike tyd dra.

  Simpatie met Stephan en Daleen Coetsee wie se pa, Nic, afgelope Sondag oorlede is. Ons dink aan julle in ons gebede en dank die Here dat hy ook as ouderling in ou GK Pietersburg kon dien.
* Ons bid vir Anna Mart Maré en gesin wie se ma na ‘n kort siekbed oorlede is. Ons bid julle familie die troos en bystand van die Here toe.
* Ons vra voorbidding vir tannie Lottie Peyper wat ‘n tyd gelede geval het en sedertdien erge pyn ondervind en sukkel om self te loop. Mag die Here die familie bystaan in hulle versorgingswerk.
* Daar is nog lidmate in afsondering omdat hulle positief getoets het. Ons bid julle spoedige herstel toe en dank die Here dat Hy julle bewaar het.
* Ons wag in spanning om te hoor wat die President Sondag sal aankondig. Die voorlopige verwagting is dat ons steeds net 50 lidmate per erediens vir die volgende tyd mag wees. Sodra ons sekerheid oor sake het, sal ons dit aan u deurgee.

## KERKKANTOOR

Neem asb kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees op Maandag 26 Julie, en soos normaal oop sal wees op Woensdag 28 Julie vanaf 08:00 tot 12:00. Baie dankie.



### GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte,*

*vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom.*

*Psalm 103: 17 & 18*

## KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 25 Jul | ***Ans Van Der Walt ******<br>Tialeen Venter<br>Anna Nel<br>Sonja Fourie | ***96***<br>57<br>53<br>37 | B<br>B<br>B<br>B | 078 643 9498<br>084 800 0552<br>083 696 9089<br>072 595 9969 |
| Ma 26 Jul | Hennie Oelofse<br>Zelda Erasmus | 61<br>47 | B<br>B | 083 629 9649<br>071 886 1764 |
| Di 27 Jul | Francois Venter | 22 | B | 071 185 7894 |
| Wo 28 Jul | ***Susan Weideman ****<br>Johan Snyman (JNR)<br>Allene Albertyn | ***73***<br>35<br>15 | B<br>B<br>D | 061 461 3420<br>079 500 3458<br>078 224 6734 |
| Do 29 Jul | André Bakker<br>Magda Heinlein<br>Enrize Van Der Walt | 64<br>50<br>18 | B<br>B<br>B | 083 457 1711<br>076 340 9008<br>072 798 2914 |
| Vr 30 Jul | Liam Pretorius | 11 | D | 082 748 5841 |
| Sa 31 Jul | Megan Carlisle | 14 | D | 082 923 9845 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 27 Julie 1972 | Hennie & Hester Korff | 49 | 072 190 2991 |

## DATUMS OM TE ONTHOU

Lidmate moet asb kennis neem dat daar **GEEN** Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.

## DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.

Die diakonie is dringend opsoek na 'n **nebulizer**. As enige van ons lidmate 'n nebulizer het wat nie gebreuk word nie, word hulle versoek om dit asb aan die diakonie te skenk.

Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir die bazaar in Augustus. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.

**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**

**Maalvleis : R 71.43.00 / kg**
**Braaiwors : R 85.71 / kg**
**Biltong : R 142.86 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**
**Pasteie : R 100.00 / pastei**

Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie. Teen hierdie prysse kan niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.

# BASAAR

SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00


## BOERE ONTBYT


Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant

NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM


Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat

Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 36 064.00
R 27 227.60
JUN
R 12 430.00
R 32 103.94
INKOMSTE
UITGAWES

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*
1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed  R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*
R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone ‘n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuweni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.*

*Psalm 126: 5*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS